# Verdien AgriBonus-punte op alle produkte deur Laeveld Agrochem aangekoop



Saam boer ons vooruit

## Stefan Bothma

Middelburg

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**


**Vir professionele advies kontak gerus vir Stefan**

**Tel: 079 516 1360    E-pos: stefanb@laeveld.co.za**


Stefan Bothma Junior het op 'n klein plasie naby Witrivier grootgeword, waar sy pa makadamianeute geplant het. Hy het by Laerskool Nelspruit skoolgegaan en is daarna na Hoërskool Nelspruit, waar hy in die koshuis was en provinsiaal rugby gespeel het vir die o/12-, o/13-, o/16- en o/18-spanne.

Hy hy in die landbouchemie-bedryf grootgeword, aangesien sy pa ook vir Laeveld Agrochem werk. Hy het in 2012 by Laeveld Agrochem begin werk om 'n iPad-program te ontwikkel en het in dieselfde jaar sy AVCASA-kursus gedoen. Hy het die volgende jaar saam met sy pa in Lichtenburg begin werk om meer te leer oor graangewasse (mielies, sonneblom en droëbone), en het in 2013 'n agent geword. Hy was tot in 2016 'n agent daar, waarna hy die Middelburg-depot op die been gebring het.

Stefan werk tans in die Middelburg-omgewing met mielies, sojabone en droëbone. Hy wil graag die innoverende werk wat Laeveld Agrochem doen oordra aan die boere, veral die presisie dienste saam met Agri Technovation. Hy is van mening dat presisieboerdery 'n baie groot rol in die omgewing sal speel.

Stefan het die liefde van sy lewe op skool ontmoet, en na jare saam is hy en Natasja in Februarie 2018 getroud. Stefan is versot op die buitelewe, hy jag, gaan vang graag vis en het 'n groot passie vir boerdery. Hy plant self so 'n bietjie groente in tonnels, wat vir hom 'n baie lekker stokperdjie is. Hy wil graag die Middelburg-depot van Laeveld Agrochem baie suksesvol maak, deur onder andere die boere met tegnologie te help.

*Hy wil hê boere moet so winsgewend as moontlik wees, en hy voel Laeveld Agrochem is aan die voortou om dít vir die boere te kan bied.*

